

God gee om vir jou, so verneder jou, deur jou bekommernisse op Hom te werp (I Pet 5:5-7)

Gebed

O almagtige, ewige en kragtige God, ons kom in ootmoed en afhanklikheid na U toe vanoggend. Regdeur die I Petrus brief het U ons bemoedig nederig te wees. Maar Here, bekommernisse verstrik ons. Hoogmoed en gulsigheid bly deurskemer in ons lewens soos onkruid wat ons verstrengel.

Help ons vandag uit U Woord. Help ons om ontslae te raak van die bekommernisse sodat U Woord op vrugbare grond sal val wat ons dan verander om vrug te dra. Honderd voudig, ja duisend voudig.

Ons bid dit in die Naam van die een wat ons so bely: *Jesus Christus is Here! tot eer van U, o God die Vader.*

Amen.

Skrifoordenking

1. God gee aan nederiges gee Hy genade, want Hy gee om vir julle

5 Net so

moet *julle wat jonk is,*

ondergeskik wees aan ouer mense.

Beklee *julle almal*

met *nederigheid teenoor mekaar,*

want *“God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade.”*

6 Daarom, *verneder julle*

onder die *kragtige hand van God,*

sodat Hy julle op die regte tyd kan verhoog,

7 *deur al julle bekommernis op Hom te werp,*

want Hy gee om vir julle. (I Pet 5:5-7, 2020)

Petrus sluit aan by die vorige gedeelte met die woorde “Net so”:

5 Net so

moet *julle wat jonk is,*

ondergeskik wees aan ouer mense.

Beklee *julle almal*

met *nederigheid teenoor mekaar,*

Dit klink net soos die onderdanigheid aan owerheid, werkgewers en vrou in die huwelik van hoofstuk 3. Daardie gedeelte het ook geëndig met:

Ten slotte: *Wees almal eensgesind, meelewend, vol broederliefde, vol ontferming, nederig, (I Pet 3:8, 2020)*

Dan gee hy die rede:
aan *nederiges* gee Hy *genade*.”

wat uit Spreuke 3:34 kom:
Met *spotters spot Hy self*, maar *aan magteloses skenk Hy genade* (Spr 3:34)

Die oproep in hoofstuk 3 was:
... [wees] *mense wat seën*
omdat julle daartoe geroep is,
sodat julle seën as erfdeel kan verkry. (I Pet 3:8, 2020)

In daardie gedeelte van die brief was die fokus, dat die nederige optrede van die gelowige, die ongelowige tot inkeer bring. Hier in die gedeelte van die brief, wat meer oor swaakry gaan, is die klem op die genade wat God aan die nederige self gee. Hierdie seën en genade is nie iets wat ons kan kry of verdien met ons nederige optrede nie. Juis wanneer ons voor God kom magteloos, in nederige afhanklikheid, ontvang ons sy genade. Dit is net soos die boodskap net hiervoor aan die ouderlinge, dat dié wat in vrede en vreugde in Christus dienswerk doen, leef in die verwagting van die onverwelklike erekrans.

Maar ons moet nie net die mooi deel van die vers lees nie. Daar staan ook:
God *weerstaan hoogmoediges*,
Ek kan nie aan iets erger dink dat die almagtige God, die een met alle krag, daarop uit is om my te weerstaan nie.

Jakobus, die boek wat ons saam met I Petrus in hierdie bundel behandel. haal dieselfde vers uit Spreuke aan. Dit lyk egter of dit al heelwat slegter in daardie gemeente gaan. Hy spreek hulle baie skerp aan oor onmin binne in die geloofsgemeenskap. Luister net hoe roep hy hulle op om terug te keer tot wat Petrus ook hier vir ons leer:

Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle op die verkeerde manier vra, sodat julle dit in julle wellus kan deurbring...
Wie ook al 'n vriend van die wêreld wil wees, maak homself 'n vyand van God.
5 Of dink julle dat die Skrif verniet sê dat God hunker met besitlikheid na die Gees wat Hy in ons laat woon het?
6 Maar Hy gee groter genade; daarom sê Hy: “God staan die hoogmoediges teen, maar aan die nederiges gee Hy genade.” Onderwerp julle dus aan God. Weerstaan die Duiwel, dan sal hy van julle wegvlug. 8 Nader tot God, dan sal Hy tot julle nader. Reinig julle hande, sondaars, en suiwer julle harte, dubbelhartiges. 9 Weeklaag en treur en huil. Laat julle lag in droefheid verander en julle blydskap in somberheid. 10 Verneder julle voor die Here, dan sal Hy julle verhoog. (Jak 4:4-10)

So ons ons moet ons in skuld belydenis voor God verneder oor ons hoogmoed. Oor die feit dit diep binne in ons dit oor onseie wellus gaan. Dis hoekom Paulus dan in vers 6 sê

6 Daarom, verneder julle onder die kragtige hand van God,

So van nederig wees teenoor ander, na nederig teenoor mekaar, na nederig en in sondebelydenis, onder die kragtige hand van God.

Net soos Jakobus ook in vers 7 gesê het.

Kyk net die kontras: Ek die sondige, magtelose, nederige afhanklike teenoor die kragtige hand van God.

Wat gebeur dan as jy so in afhanklikheid onder hom inkom?

sodat Hy julle op die regte tyd kan verhoog,

Weereens dieselfde gevolgtrekking as Jakobus 4 vers 10.

Daarom gaan jy laag onder die kragtige hand van God in

Met die belofte: Jy sal verhoog word!

Net as ons dink, sjoe wat 'n wonderlike vers, dan kom Petrus met die verrassing en gaan nog verder met:

7 deur al julle bekommernis op Hom te werp,

So vers 6 en 7 saam lees so:

6 Daarom, verneder julle

7 deur al julle bekommernis op Hom te werp,

Nederigheid bring die risiko dat jy mis gekyk word, nie waardeer word nie, nie erkenning kry vir al jou moeite nie, selfs op getrap word... Dit bring angstigheid, 'n bekommernis. Om Petrus se opdrag van onderdanigheid en nederigheid te kan volg, moet daardie angstigheid, daardie bekommernis weggevat word. Netso bring die vervolging en swakry bekommernis. Die lewe is vol bekommernisse. En moenie Satan se leun glo dat geld bekommernisse wegvat nie. Die gelykenis van die saaiër wys juis bekommernis en geld die saad wat in die onkruid geval het:

22 Die man by wie daar tussen die onkruid gesaai is, is hy wat die woord hoor, maar die bekommernis van die lewe en die verleidelikheid van rykdom verstik die woord, en dit bly sonder vrug. (Mat 13:22)

So Petrus, moedig jou aan, jy daar tussen die onkruid. Gooi dit af en kom vrugbare grond toe...

Maar wat beteken dit om jou bekommernisse op hom te werp? Die enigste ander plek wat die Griekse woord dieselfde gebruik word, is in Lukas 19:

35 Toe bring hulle die donkie na Jesus toe. Daarna gooi hulle van hulle klere op sy rug en help Jesus opklim. (Luk 19:35)

Dis so eenvoudig soos dit. Om jou met die nederigheid, van vers 5 te bekleed, moet jy jou bekommernis klere uittrek en dit op Jesus se donkie gooi. En daardie nederigheid maak jou soos die skare toe Hy Jerusalem binnery vir die laaste Paasfees en hulle hom sien as Messias:

37Toe Hy naby die stad kom, teen die afdraand van die Olyfberg, het die hele skare **juigende** volgelinge **God uit volle bors begin prys** oor al die **wonderwerke** wat hulle gesien het. 38Hulle het gesing: **“Loof die Koning, Hy wat in die Naam van die Here kom! Vrede in die hemel en eer aan God in die hoogste hemel!” (Luk 19:37-38)**

Jy sien, jou nederigheid en afhanklikheid wys jou vertrou op die almagtige God en jou geloof in Sy verlossingsplan. Dit verheerlik God as ander mense sien hoe jy in eerbetoon jou klere op Sy donkie gooi! Jy kry die genade en Hy kry die eer.

Ons moet Jesus se nederigheid as voorbeeld volg. Hy het juis Jerusalem nederig op ‘n donkie binnegery om vir ons verneder te word.

5 Laat dan **die gesindheid** wat daar in Christus Jesus was, ook onder julle wees: 6 Hoewel Hy in die gestalte van God was, het Hy gelykheid aan God nie beskou as iets wat Hy moes vasklem nie, 7 maar Hy het **Homself daarvan leeggemaak deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word**. En toe Hy in die vorm van 'n mens verskyn het, 8 het Hy **Homself verneder** deurdat Hy gehoorsaam geword het **tot die dood toe, ja, die dood aan die kruis**. 9 **Daarom** het God Hom ook uitermate verhoog en aan Hom die Naam geskenk wat bo elke naam is, 10 sodat in die Naam van Jesus elke knie sal buig — van diegene in die hemel en op die aarde en onder die aarde — 11 en elke tong sal bely, **“Jesus Christus is Here!” tot eer van God die Vader**. (Fil 2:5-9).

Paulus help ons nog verder met die afgooi ons bekommernisse:

6Moet oor niks **besorg** wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur **gebed en smeking en met danksegging aan God bekend**. 7En **die vrede van God** wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle **harte en gedagtes** die wag hou in Christus Jesus. (Fil 4:6, 1983)

Gebed is die fisiese aksie hoe jy daardie klere op Hom werp. En as jy dit gedoen het, kry jy daardie vrede wat alle verstand te bowe gaan. Dis hoekom Jakobus ook gesê het:

Nader tot God, dan sal Hy tot julle nader. (Jak 4:8)

Ja, val neer in nederige eerbetoon en roep uit: **“Jesus Christus is Here!” tot eer van God die Vader**.

En die rede vir dit alles? Petrus slaan hier ons voete onder ons uit met een van die mooiste sinne in die Bybel:

want Hy gee om vir julle.

So as ons weer die lyn deur die paragraaf kry:

want “God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade.” want Hy gee om vir julle. (I Pet 5:5-7, 2020)

Jakobus het dit so gestel: **God hunker met besitlikheid na die Gees** wat Hy in ons laat woon het

God het die Gees in ons laat woon. Een van sy vrugte is nederigheid. God hunker daarna dat Hy die vrugte van daardie Gees in jou sien. Hy hunker met 'n besitlikheid. Jy is syne. Kom uit die verstikking van die bekommernisse uit.

want Hy gee om vir jou!

Dis die belofte wat jy moet glo sodat jy in swaarkry en vernedering staande kan bly. More gaan ons dan kyk hoe dit alles ons help om teen die duiwel staande te bly.

Samevatting

Ons gaan vandag se opsomming agteruit doen. Met ander woorde ons begin waar die stukkie geëndig het en werk terug. Ons doen dit want die laaste sin het geëndig met want. Die rede vir dit alles: WANT

want Hy gee om vir jou

Daarom is die tweede punt:

Verneder **jou**

deur al jou bekommernis

op Hom te werp

Bekommernis verstik die Woord. Nederigheid bring die vrugbare grond

Werp daarom daardie bekommernisse op Hom met gebed
en kry vrede wat alle verstand te bowe gaan

Die derde hoofpunt was:

Verneder **jou**

onder die **kragtige hand van God**

sodat Hy jou op die regte tyd kan **verhoog**

Dit het saam gegaan met die waarskuwing:

God **weerstaan** hoogmoediges

Vriend van die wêreld, **God staan teen jou: Weeklaag, treur en huil.**

En daarom die aanmoediging:

Wees ondergeskik, bekleed jou met nederigheid

want dit kom saam met die belofte:

God gee aan **nederiges genade**

Jy kry die genade, Hy kry die eer!

Daarom, buig jou neer in lofbetuiging:

“Jesus Christus is Here!” tot eer van God die Vader.

So, ons tema vir vandag:

God gee om vir jou,
so verneder jou,
deur jou bekommernisse op Hom te werp

2. Oordenking

Stop die video en doen eers 'n stil gebed oor wat die sin "God gee om vir jou" vir jou persoonlik beteken. Skryf dan neer wat jy van God geleer het in hierdie gedeelte.

3. Dankbaarheid

Die gedeelte het oorgevloei in lof en eer aan God vir alles wat Hy gedoen het. Daardie dankbaarheid kan nie net by jouself bly nie. Die saad het in jou geval. Jy is mos nou nie meer tussen die dorings wat verstik nie. Jy is vrugbare grond. Grond wat vrugte voortbring. Honderdvoudig, nee duisendvoudig! Waartoe dring die Gees jou vandag? Wat is die een ding wat jy vandag gaan doen wat jou dankbaarheid gaan weerspieël?

4. Aanbidding

Sluit hierdie sessie af in gebed soos die Gees jou lei. Bid soveel as moontlik van vandag se teks gedeeltes, want dis hoe jy jou bekommernisse gaan afgooi en vrugbaar raak.

Vrede vir jou